Verwysing: 20170202-7906
12/2/10/3
Navrae: J Pheiffer

Kennis-en-inligtingsbestuursminuut: 0003/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale van gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: WKOD se jaarlikse opname by gewone openbare en onafhanklike skole vir 2017

1. Die WKOD se jaarlikse opname by gewone skole sal op Dinsdag, 07 Maart 2017 plaasvind. Prinsipale sal versoek word om oor die akkuraatheid van die leerlingdata op SOBIS af te teken. Maak asseblief seker dat die volgende teen **Dinsdag, 07 Maart 2017** korrek op SOBIS reflekteer:

1.1 Leerders is in die korrekte grade, klasse en taal-van-leer-en-onderrig-(TLO) kategorie.
1.2 Leerderoorplasings (in en uit) is voltooi.
1.3 Graadverandering is voltooi.
1.4 Die algemene inligtingvasleggingskerms en vrae oor skoolveiligheid is voltooi.

2. Die jaarlikse opname sal ook vereis dat skole opvoederinligting bywerk en die vasleggingskerms voltooi. Hierdie taak moet teen nie later nie as **Dinsdag, 07 Maart 2017** afgeteken word om die volgende te verseker:

2.1 Opvoerderinligting ten opsigte van die jare van ervaring en die grade en vakke wat slegs in 2017 onderrig is, is bygewerk (verwyder grade en vakke wat in vorige jare onderrig is indien dit nie op die opvoeder se 2017-werkslading van toepassing is nie).
2.2 Die nuwe opvoederskerm is voltooi vir verifikasie van vakkwalifikasies.
2.3 Alle vasleggingskerms is voltooi en ingevulde skerms is bygewerk, bv. skoolgeld en infrastruktuurtabelle.

3. 'n Addisionele skerm ten opsigte van koshuisinligting sal op SOBIS beskikbaar wees vir vaslegging. Slegs skole met koshuise sal in staat wees om hierdie addisionele opname te kan besigtig.

4. Die prinsipaal as die institusionele OBIS-amptenaar, moet die dataprosesse bestuur om te verseker dat die verifikasiebewys en handtekeninge van gedelegeerde personeel om die data te kontroleer, op versoek van ouditeurs getoon kan word. Aangesien die inligting ouditeerbaar is, moet die skool OBIS se databesigheidsproses aangeteken word om aanspreeklikheid te verseker vir die akkuraatheid van die data. Vir verdere inligting, verwys asseblief na Kennis-en-inligtingsbestuursminuut: 0003/2012. Prinsipale word ook vriendelik daaraan herinner dat vanaf 2014, akkurate SOBIS-data 'n voorvereiste vir skole is om die tweede oordrag van norme en standaarde-befondsing te ontvang (Kennis-en-inligtingsbestuursminuut 0044/2013).

5. 'n Nasionale Identiteitsnommer (ID) is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit is van identiteitsnommers nie, asook om die ontbrekende identiteitsnommers te fasiliteer en vas te vang. Indien die leerder nie in besit is van 'n geldige ID-nommer nie, moet die ouers asseblief oor die proses om vir 'n ID via die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen, ingelig word. Prinsipale word versoek om ouers by te staan, waar moontlik, om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te fasiliteer. Vir verdere inligting, verwys na Inrigtingsbestuur-en-Beheerbeplanningsminuut 0005/2014.

6. Indien enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind word, kan die tersaaklike kringbestuurder of distriksamptenaar gekontak word:

DISTRIK	**DISTRIKS- SOBIS-ADMINISTRATEUR**	**TELEFOON-NOMMER**	**E-POS**
Kaapse Wynland	Kevin VAN Eeden	023 348 0635	kevin.vaneeden@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Yvonne Ngwane Ayabulela Pinzie	044 803 8346 044 803 8367	yvonne.ngwane@westerncape.gov.za ayabulela.pinzie@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Anita McGrath Tercia Southgate	021 514 6751 021 514 6737	anita.mcgrath@westerncape.gov.za tercia.southgate@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7180 021 900 7181	buseka.ndinisa@westerncape.gov.za thembeka.dlamini@westerncape.gov.za
Metro-Noord	Anecia Conradie	021 938 3039	anecia.conradie@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Anastasia Rose Sive Jara	021 370 2120 021 370 2106	anastasia.rose@westerncape.gov.za sive.jara@westerncape.gov.za
Overberg	Japie Bailey	028 214 7300	japie.bailey@westerncape.gov.za
Weskus	Mervan Davids	021 860 1596	mervan.davids@westerncape.gov.za

7. Prinsipale moet die prosesse van die jaarlikse opname koördineer om die akkuraatheid en tydige voltooiing daarvan te verseker.

GETEKEN: HA LEWIS
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2017-02-16